# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## GRAAD 10

## JUNIE-EKSAMEN - 2021

**Punte: 70** **Tyd: 2 Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

   **AFDELING A:**

   **VRAAG 1: WhatsApp [20 Punte]**
   **VRAAG 2: Aspoestertjie en die drie Bere [15 Punte]**

   **AFDELING B:**

   **VRAAG 3: Die trompet van Triton [17 Punte]**
   **VRAAG 4: Ek is Diek van der Spuy,... [18 Punte]**

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

4. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**

5. **Skryf netjies en leesbaar.**

---

**AFDELING A**

**VRAAG 1: ‘n WhatsApp**

**Instruksies:**

- **Jou WhatsApp moet oor die gegewe onderwerp wees.**
- **Die onderwerp is gebaseer op die kortverhaal ASPOESTERtJIE EN DIE DRIE BERE.**
- **Jou feite moet volgens die verhaal korrek wees.**
- **Daar moet ‘n eerste poging en ‘n finale poging wees.**
- **Jou WhatsApp moet tussen 80-100 woorde lank wees.**

Corli stuur vir Vanessa en Triz ‘n WhatsApp oor Gareth wat haar gesoen het en wat alles dié Vrydagaand by die restaurant gebeur het.

Skryf hierdie WhatsApp neer. **[20]**

**VRAAG 2: Aspoestertjie en die drie bere [Nelia Engelbrecht ]**

2.1 Wie is die drie bere in hierdie verhaal?Wees spesifiek in jou antwoord. [1]

2.2 Hoekom was Triz die eerste een om die drie broers te sien? [1]

2.3 Watter leuen vertel Corli aan die begin van die verhaal aan die broers? [1]

2.4 Kies uit KOLOM B die inligting wat by die naam in KOLOM A pas.Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer; bv. 2.1.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1 Karlientjie | A. Die meisies het voor haar grootgeword. |
| *2.4.2 Fausto's* | B. Het geen ouers nie |
| 2.4.3 Corli | C. Corli se ma se motor |
| 2.4.4 Rosy | D. Verander in Aspoestertjie |
| | E. 'n Restaurant |

[4]

2.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Waarom is die bikini baie waardevol vir Corli?

A. Die bikini is blou en dit is Corli se gunsteling kleur.
B. Dit het soveel gekos as wat sy in 'n maand in die restaurant verdien.
C. Die vriendinne het almal dieselfde bikini gekoop.
D. Corli wil dit vir haar vakansie na 'n tropiese eiland toe dra. [1]

2.6 Flankeer is skynbaar Corli se spesialiteit. Hoekom glo sy egter nie aan 'n ernstige verhouding nie? [1]

2.7 Vanessa en Triz woon in die sekuriteitskompleks, Noordkop.

Motiveer waarom bogenoemde stelling ONWAAR is. [1]

2.8 Kies uit die onderstaande blokkie die regte antwoord om die paragraaf te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die woord/e as antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vanessa** | **plakkie** | **Corli** | **op te dring** | **pantoffel** | **voor te stel** |

[2.8.1]......loop na die seun in die sonstoel om haarself aan hom [2.8.2]......... Haar [2.8.3].......het aan die siersteen vasgehak en toe val sy. [3]

2.9.1 Wat doen Corli vir 'n ekstra inkomste? [1]

2.9.2 Wat doen Corli se ma vir 'n ekstra inkomste? [1]

**[15]**

**AFDELING B**

**VRAAG 3: Die trompet van Triton – [Solet Scheeres]**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> **Moedeloos gaan sit ek op die sand. Ek laat sak my kop op my arms en huil. Sommer oor alles.**

3.1 Op watter eiland is die spreker? Gee die naam van die eiland. [1]

3.2.1 Vir wie is die spreker aan die begin van die verhaal baie kwaad? [1]

3.2.2 Gee twee redes waarom die spreker so kwaad vir hierdie persoon is. [2]

3.3 Kies uit KOLOM B die inligting wat by die woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer; bv. 3.3.1 A.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 3.3.1 ‘n Skulp | A. ‘n Groot bruin skulp en ‘n briefie |
| 3.3.2 Die spreker huil | B. Het trompette van hout gemaak |
| 3.3.3 ‘n Bedanking | C. Die deuntjie wat sy op die strand hoor is baie hartseer. |
| 3.3.4 In die pakkie wat die spreker ontvang | D. Was van die eerste mense wat metale gebruik het om trompette te maak |
| 3.3.4 Egiptenare | E. Die see het vir die ou man ‘n trompet gegee. |
| | F. Die trompet van Triton |

[5]

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

3.4.1 Wat is die spreker se pa se beroep?

A. Hy maak trompette.
B. Hy is ‘n dirigent.
C. Hy het die musiek van *The Little Mermaid* geskryf.
D. Hy sing in internasionale kore. [1]

3.4.2 Triton, die meerman, blaas op die skulp om

A. die meerminnetjie huis toe te roep.
B. die golwe tot rus te bring.
C. vir almal te wys dat hy mooi musiek kan maak.
D. sy woede te wys. [1]

3.5 Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> **"Een van die grootste trompetmeesters van die klassieke wêreld het besluit om ‘n tradisionele Hongaarse volksmusiekstuk in die *Gayiety* Teater te speel.**

3.5.1 Die spreker het die bogenoemde trompetspeler al ontmoet.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. [1]

3.5.2 Watter bynaam het dié trompetspeler aan die spreker gegee? [1]

3.5.3 Het die spreker se negatiewe emosie oor musiek aan die einde van die verhaal verander? Sê JA of NEE. [1]

3.5.4 Motiveer waarom jy so sê? [1]

3.6 Kies uit die onderstaande blokkie die regte antwoord om die paragraaf te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die woord as antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Triton** | **boodskap** | **musiek** | **opsomming** | **skei** |

Die [3.6.1]...... van die verhaal is dat [3.6.2]..... 'n mens se hartseer kan wegneem en jou kan leer om jou lot te aanvaar. [2]

**[17]**

**<u>Vraag 4: Ek's Diek van der Spuy en wie is jy? [Jaco Jacobs]</u>**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae.

> **Ek's Diek van der Spuy en wie is jy?" groet hy die eerste pouse met 'n stem wat nog ver van breek is. Wintie. Vir so 'n skraal *laaitie*.**

4.1 Hoe was Diekie anders as die ander kinders toe hy net by die skool aangekom het? Verwys na sy kleredrag. [1]

4.2 Waarom het Deon en die ander kinders dadelik van Diekie gehou? [1]

4.3 Hoe het Deon en Diekie elke dag by die skool gekom? [1]

4.4 Hoekom is die sitplek in die Wiskundeklas langs Deon oop? Wees spesifiek in jou antwoord. [1]

4.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer; bv. 4.5.1 A.

4.5.1 Wat kan 'n moontlike rede wees waarom Diekie vroeg in die skool gesit is?

A. Sy ma het gedink dat hy al reg vir skool was.
B. Sy ma het 'n weer getrou en 'n baba gekry en Diekie was in die pad.
C. Diekie het elke dag gesmeek om skool toe te gaan.
D. Diekie wou nuwe maats maak. [1]

4.6 Diekie is die engiste kind in sy gesin.

Verduidelik waarom bogenoemde stelling ONWAAR is. [1]

4.7 Kies uit KOLOM B die inligting wat pas by die naam/voorwerp in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer; bv. 4.7.1 A

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.7.1 Arno Vermaak | A. Een van Diekie se rugbyspanmaats |
| 4.7.2 Wilhelm | B. ‘n Man met ‘n vuil frokkie en ‘n stoppelbaard |
| 4.7.3 Skedonk | C. Die dominee se seun |
| 4.7.4 Myndert | D. Eerste een om te sê Diekie lieg |
| | E. Diekie-hulle se motor |

[4]

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae.

**Diekie-hulle se huis het ‘n ry verlepte sonneblomme voorin die tuin, en in die agterplaas staan ‘n wrak van ‘n bakkie op bakstene. ‘n Steekhaarbrak kom blaffend om die hoek gehardloop.**

4.8. Wat vertel Diekie se stiefpa vir Deon oor Diekie se pa? [1]

4.9 Hoe voel die stiefpa oor Diekie? [1]

**Ek gryp hom voor sy bors en stamp hom hard. Hy val op die harde grond neer. Hy kry nie eens kans om op te staan nie.**

4.10 Hoe reageer Diekie toe Deon hom begin slaan? [1]

4.11 Hoekom, dink jy, bel Diekie se ma niemand oor die bakleiery nie? [1]

4.12 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer; Bv. 4.12 A.

Hoekom wens Deon Diekie se ma moet bel nadat hy vir Diekie geslaan het?

A. Hy wil vir almal sê dat Diekie leuens vertel.
B. Hy voel baie sleg en voel dat hy gestraf moet word.
C. Hy wens dat Diekie se ma hom uit die skool moet neem.
D. Hy wil Diekie in die moeilikheid bring. [1]

4.13 Kies uit die onderstaande blokkie die regte antwoord om die paragraaf te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die woord as antwoord neer

**baklei beskerm lieg catcher flyer**

Aan die einde van die verhaal [4.13.1]..... Deon saam met Diekie. Hy [4.13.2].... Diekie. Hy word die [4.13.3].... wat Diekie vang. [3]

**[18]**

**GROOTTOTAAL: 70 PUNTE**